**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**OCTOBER / NOVEMBER 2005**
**OKTOBER / NOVEMBER 2005**

**AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL HG**
**(Eerste Vraestel: Leesbegrip, Opsomming, Kommunikatiewe Taalgebruik in Konteks en Taalversorging)**

**TYD: 2½ uur**

**PUNTE: 100**

**INSTRUKSIES:**

- Al VIER afdelings is VERPLIGTEND.
- Nommer vrae presies soos op die vraestel.
- Werk NETJIES.
- BESIN deeglik vooraf en benut die volle tydsduur van die vraestel.

AFDELING A
**LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

Nommer vrae vir hierdie afdeling in die middel van die bladsy en laat reëls oop tussen antwoorde.

Lees die onderstaande tekste sorgvuldig deur en beantwoord die vrae by elke teks.

**ETIKET-KINDERS**
Marguerite van Wyk

**1.** As dit nie Diesel is nie, Ma, is dit nie goed genoeg nie. Almal dra dit tog, hoe sal ek nou lyk daarsonder.

**2.** Nike, Puma, Levi, Osiris, DC, Barbie, Nokia. Die lys etikette wat wêreldwyd tieners, voortieners (sogenaamde tweens) en kleuters betower, is lank. En ouers staan self nie terug as dit by die "regte" etiket kom nie.

**3.** Tieners in SA bestee jaarliks tot R4 miljard aan die regte etiket, en hul ouers ? bykomende R20 miljard aan hul kinders. Volgens die onlangse Trend Youth 2-marknavorsing deur die Universiteit van Kaapstad se Unilever-instituut is dit veral Suid-Afrikaanse sewentienjariges wat deur materialisme en tegnologie beïnvloed word. Hulle is die mees handelsmerk-ingeligte en -bewuste generasie tot nou toe. Hulle glo in kitsbevrediging en met ? rekenaarmuis is dit bereikbaar met een klik. En hulle kan hul ouers ? paar dinge van die nuutste tegnologie én etikette leer.

**4.** Drie duisend onderhoude is met vyftien fokusgroepe landwyd gevoer. Volgens die Unilever-navorsing kan sekere kinders van net vier al sowat negentig verskillende handelsmerke uitken, selfs al neem hulle nog nie aktief deel aan die koop daarvan of al verstaan hulle nog nie die etiket-kultuur nie.

**5.** Anne-Marie Wentzel, ? sielkundige van Johannesburg, beaam dit: *label-kidz* word al hoe jonger. "? Mens sien al dat kleintjies in die kleuterskool bewus is van etikette. Kyk maar na die Barbie-beheptheid."

**6.** Carina Hugo, redakteur van kinderboeke, massamark & ko-produksies van die uitgewery Human & Rousseau, sê *brands* is ? integrale deel van ons lewe. Sy is besig met ? program vir Media24 om te kyk wat kinders lees en om toekomstige tendense by kinders te bepaal. "In Suid-Afrika voel ons dalk nou meer die aanslag daarvan omdat ons so lank in isolasie was en baie etikette weens boikotte nie vir ons toeganklik was nie."

**7.** En volwassenes val ook dikwels daarvoor. Soos Carina sê: Hoekom anders sal mense ? BMW of ? Mini Cooper ry en by Woolworths pleks van Shoprite / Checkers koop?

**8.** Chris Viljoen, moderedakteur van FHM, reken die post-apartheidgenerasie se blootstelling aan MTV, die Internet en ook die nuwe demokratiese SA maak jong mense meer oop vir buite-invloede. "Vandag dra die aktrise Sarah Jessica Parker van *Sex and the city* ? pienk polkadot-rompie. Môre is dit op die internet, TV of in al die tydskrifte oor celebs. Om ? handelsmerk te koop, is een van die maklikste, vinnigste maniere om toegang te kry tot die wêreld van glans," meen Chris.

**(Artikel verkort uit: *Sarie*, Februarie 2004)**

1.1 Is jy van mening dat die woorde in paragraaf 1 die siening van die deursneetiener weerspieël? Motiveer. (2)

1.2 Skryf ? frase uit paragraaf 2 neer wat daarop dui dat volwassenes ook gesteld is op die 'regte' etiket. (1)

1.3 Die skryfster van die teks maak die bewering dat veral SA se sewentienjariges deur **materialisme** en **tegnologie** beïnvloed word. Skryf TWEE sinne uit paragraaf 3 neer waarmee sy dié bewering staaf. (2)

1.4 In paragraaf 5 word daar verwys na **Barbie-beheptheid**. Sê in jou eie woorde wat dit beteken om met iets **behep** te wees. (1)

1.5 Carina Hugo, ? redakteur van kinderboeke, is besig met ? program **om te kyk wat kinders lees en om toekomstige tendense by kinders te bepaal**. (par. 6.) Wat, dink jy, het **toekomstige tendense** by kinders en **wat hulle lees** met mekaar gemeen? (2)

1.6 Beantwoord die vraag wat Carina Hugo in paragraaf 7 vra. (1)

1.7 Waarna verwys **celebs** in paragraaf 8? (1)

1.8 **Om ? handelsmerk te koop, is een van die maklikste, vinnigste maniere om toegang te kry tot die wêreld van glans** (par. 8). Verduidelik hoe ? mens toegang kry tot die wêreld van glans deur bloot ? handelsmerk te koop. (1)

## DOEN DIT VAN NABY

**1.** Nabyskote of makrofotografie maak jou ontwerp meer as lewensgroot. Dit stel jou in staat om die fyner besonderhede uit te lig wat andersins verlore sou gaan en dit maak ? heel nuwe wêreld van buitengewone vorms en onverwagse skoonheid oop.

**2.** By makrofotografie gaan dit nie net daaroor om jou kamera se lens naby ? voorwerp te druk en te begin kliek nie. Dit vereis sowel heelwat tegniese kennis en vaardigheid as gespesialiseerde toerusting.

**KRY DIE TOERUSTING**

**3.** Die slegte nuus is dat jy waarskynlik ? paar rand aan toerusting sal moet bestee voordat jy nabyskote kan neem. Om mee te begin, het jy ? behoorlike 35 mm-enkellens-reflekskamera (SLR) nodig. Mik-en-druk-kameras, hoe gerieflik ook al vir algemene foto's, gaan nie die paal haal nie.

**4.** As jy reeds ? SLR het, moet jy kyk watter soort lens dit het. Sommige moderne lense kom met ? makrofunksie. Indien nie, besoek ? kamerawinkel en soek ? paar nabyfilters uit. Die alternatief is om jou hand diep in jou sak te steek en in ? doelgeboude makrolens te beê. ? Middelslag-telefotolens (ongeveer 80 – 150 mm) is ? goeie begin.

**5.** Jy moet ook ? stewige driepootstaander kry om te voorkom dat die kamera skud tydens die lang beligtingstyd en hoë vergroting wat makrofotografie vereis.

**6.** Jy kan albei dalk tweedehands in jou koerant se geklassifiseerde advertensies raakloop.

**KIES JOU ONDERWERP**

**7.** Dis die interessantste deel! Bekyk die mikroskopiese dele van alledaagse voorwerpe vir die estetiese diepte wat ons normaalweg miskyk. Enige iets kan vir makrofotografie gebruik word, maar sekere voorwerpe is interessanter vanweë hul vorm, ontwerp en helder kleure. Voorwerpe van natuurlike materiaal soos hout, bamboes, klip of edelstene kan jou kunssinnigheid prikkel. Mensgemaakte voorwerpe soos glas, munte en selfs gereedskap maak heel interessante fotomateriaal. Wees kreatief!

**NEEM DIE FOTO**

**8.** Om ? onderwerp van baie naby af te neem, stel ? hele klompie uitdagings wat jy goed moet deurdink. Maak seker jy kies jou kameraposisie sorgvuldig. Hou veral dop waar jou eie skaduwee tydens die hele proses val. As jy blink onderwerpe soos glas of metaal afneem, moet jy ook seker maak die kamera word nie daarin weerkaats nie.

**9.** Jy sal jou kamera se instelling van outomatiese fokus na handfokus moet verstel, aangesien outomatiese fokus nie eintlik met nabyskote werk nie.

**10.** Soos met baie fotografie-omstandighede is jou voorwerp se beligting van kardinale belang. Waar moontlik moet natuurlike lig gebruik word met weerkaatsers (? klein spieël of wit karton) om bestaande lig na donkerder dele te weerkaats.

**11.** Vir flitsfotografie het jy ? makro-ringflits nodig wat spesiaal hiervoor ontwerp is. Dis ? O-vormige flits wat aan die voorkant van die hand vasgemaak word en egalige lig oor die onderwerp gooi. Dié flitse is egter duur en ? alternatief is om ? normale flits te gebruik, maar dan moet jy dit weg van die kamera posisioneer sodat daar genoeg lig is om op die voorwerp te straal.

**(Uit: *Veld toe*, Julie – September 2003)**

1.9 Wat word bedoel met **gespesialiseerde** toerusting in paragraaf 2? (1)

1.10 Verduidelik in jou eie woorde waarom die skrywer van die artikel die aankoop van toerusting as **slegte nuus** beskou (par 3). (1)

1.11 Wat is ? **mik-en-druk-kamera**? (par. 3) (1)

1.12 Skryf ? frase uit paragraaf 4 neer wat verklaar wat die skrywer met ? **paar rand** in paragraaf 3 bedoel. (1)

1.13 Verklaar die volgende uitdrukking binne teksverband:
**... nie die paal haal nie** (par. 3) (1)

1.14 Wat beteken **tweedehands** in par. 6? (1)

1.15 Onder watter opskrif / onderwerp / kategorie in die koerant se geklassifiseerde advertensies (par. 6) sal jy vir ? **makrolens** (par. 4) en ? **driepootstaander** (par. 5) soek? (1)

1.16 **Om ? onderwerp van naby af te neem stel ? hele klompie uitdagings wat jy goed moet deurdink.** (par 8) In paragraaf 8 – 10 word hierdie uitdagings verder toegelig. Noem die DRIE uitdagings waarna verwys word. (3)


1.17 Skryf EEN woord neer as hoofgedagte vir paragraaf 11. (1)

1.18 Watter funksie het die gebruik van die uitroepsin **Dis die interessantste deel!** in paragraaf 7? (1)

1.19 Wie is die teikengroep van hierdie teks? (1)

Die volgende grafiek het in ***Rapport*** van 8 Februarie 2004 verskyn saam met ? berig getiteld: **Kommer oor dié blindheid oor vigs.**
Bestudeer die gegewens op die grafiek sorgvuldig en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**Ondernemings wat ? MIV / vigs-beleid of ander program in werking gestel het.**




Alle syfers word as persentasies uitgedruk.

**(Uit: *RAPPORT*, 8 Februarie 2004)**

1.20 Watter afleiding maak jy oor klein maatskappye se betrokkenheid by MIV-vigs? (1)

1.21 Tot watter gevolgtrekking kom jy rakende klein maatskappye se houding teenoor MIV-vigs? (1)

1.22 Wat word bedoel met **vrywillige berading**? (1)

1.23 Gee ? voorbeeld van ? MIV / vigs-bewusmakingsprogram wat na jou mening vrugte sal afwerp by ? maatskappy. (1)

1.24 Watter aspek rakende MIV / vigs word die meeste by ondernemings afgeskeep? Wat, dink jy, is die rede hiervoor? (2)

**TOTAAL VIR AFDELING A: [30]**

AFDELING B

**OPSOMMING / SAMEVATTING / PRÉCIS**

**VRAAG 2**

In die teks *Aanhouer wen met studie* gee Tracey Czakan van *Kelly* SES riglyne wat matrieks kan volg om hulle te help om hulle kanse op werk te verbeter. Lees die teks deur, identifiseer die SES riglyne en maak daarvan ? précis in 80 woorde. Dui aan hoeveel woorde jy gebruik het. **[10]**

LET WEL:

- Telegramstyl is onaanvaarbaar.
- Jou antwoord moet in EEN paragraaf aangebied word.
- Gebruik die titel **Aanhouer wen met studie** vir jou opsomming / samevatting / précis.
- Die woorde van die titel word nie in berekening gebring nie.
- Dui die totale aantal woorde onder jou stuk aan.

**AANHOUER WEN MET STUDIE**

**1.** Baie skoolverlaters kan nie wag om te gaan werk en nooit weer te studeer nie.
**2.** Wel, sê Tracey Czakan van *Kelly*, die wat só dink, is ongelukkig baie verkeerd.
**3.** Czakan sê *Kelly* kry loopbaanterugvoer van die hele Suid-Afrikaanse nywerheid en handelspektrum en bly ook op die hoogte van internasionale loopbaanneigings. Daarom moedig die maatskappy matrikulante aan om hulself te verbind tot lewenslange studie.
**4.** Werk is nie volop nie en mense wat sukses behaal, is diegene wat hulself toewy aan selfontwikkeling en aanhou studeer, sê sy.
**5.** Czakan se riglyne kan matrieks help om hul kanse op werk te verbeter:
**6.** • Wees passievol. Vind iets waarvan jy hou. ? Mens kan slegs uitstyg as jy gelukkig is met wat jy doen. Werk gaan nie net oor geld nie, dit gaan ook oor wat jy met jou lewe doen.
**7.** • Wees selftoereikend. Dink soos ? entrepreneur. As ? geleentheid opduik waarvan jy hou, gryp dit aan. Jongmense het nie groot finansiële verpligtinge nie, dus kan hulle dit bekostig om hulself toe te wy aan iets wat hulle graag wil doen, al verdien hulle aanvanklik nie baie geld nie.
**8.** • Wees jou tyd vooruit. Kyk of jy nuwe neigings kan raaksien. Wees voortdurend op die uitkyk vir geleenthede in die mark of in jou maatskappy. Bly op die hoogte van wat beskikbaar is in die arbeidsmark.
**9.** • Moet nooit ophou leer nie. Dit kan beteken dat jy formeel studeer, ? nuwe taal of vaardigheid of nuwe rekenaarprogrammatuur aanleer. Die wêreld beweeg en verander vinnig en jy moet seker maak jy is op die hoogte van nuwe kantoor- en kommunikasietegnologie.

**10.** • Wees veelsydig. Maak seker jy kan meer as een ding doen. As jy rekeningkunde studeer, sorg dat jy ook rekenaargeletterd is, die telefone kan antwoord en kliënte kan ontvang. Jy gaan dalk nie onmiddellik werk kry as rekeningkundige nie. Werk dan jou pad op as dit nodig is.

**11.** • Vul jou CV aan met ondervinding. Werkgewers is op soek na mense met ondervinding. Skoolverlaters kan deeltydse werk doen om ondervinding op te doen.

**12.** Czakan sê min matrikulante kry dadelik werk. “Maar moenie moedeloos raak nie. Werksoek is nie ? eenmalige gebeurtenis nie, dis ? proses. Wy jouself daaraan toe.”

**(Uit: Beroepe in *Beeld*, 19 November 2003)**

AFDELING C

**KOMMUNIKATIEWE TAALGEBRUIK IN KONTEKS**

**VRAAG 3**

Bestudeer die onderstaande tekste en beantwoord die vrae wat na aanleiding daarvan gestel word.

## SAN LEEF VOORT OP GOUE MUNT

**1.** Danksy die bekendstelling van ? goue versamelaarsmunt van 24 kar. gaan Santekeninge nié net op rotse nie, maar ook op 1 000 versamelaarsmunte voortleef.

**2.** Die Suid-Afrikaanse Muntmaatskappy het Saterdagaand ? spesiale goue R2-munt by die Didima-rotskunssentrum in die uKhahlamba-Drakensbergpark in KwaZulu-Natal geslaan. Die vervoerbare swaaipers wat daarvoor gebruik is, is soortgelyk aan dié wat vir die veldponde van 1902 gebruik is.

**3.** Die Suid-Afrikaanse Munt gaan 200 stelle – bestaande uit ? medalje en ? goue munt – beskikbaar stel, asook 1 000 munte

**4.** Op die een kant van die muntstuk word ? rotstekening soortgelyk aan een van dié in die uKhahlamba-Drakensberg-erfenisgebied uitgebeeld. Op die ander kant is die landswapen en die jaartal, 2004. Die erfenisgebied is Suid-Afrika se eerste kulturele én natuurlike erfenisgebied en een van nét 23 wêreldwyd. Dit bevat die grootste konsentrasie rotskuns in die Suidelike Halfrond.

**5.** Mnr. Frans Prins bestudeer al 12 jaar lank San-afstammelinge en is besig met sy doktorsgraad in sosiale antropologie. Hy sê daar is meer as 600 terreine met meer as 45 000 individuele San-tekeninge in die Drakensberge.

**6.** Die doel van dié munt is om Suid-Afrikaners bewus te maak van die uKhahlamba-Drakensberg-wêrelderfenisgebied en om die San-kunstenaars se ondervindings vas te vang.

**7.** “Ons is trots daarop om deel te wees van hierdie geskiedkundige oomblik,” sê mnr. Tom Davel, hoofbestuurder van Numismatics (die afdeling versamelaarsmunte by die Suid-Afrikaanse Munt). Sy kollega, me. Natanya van Niekerk, bemarkingsbestuurder van Numismatics en ontwerper van die versamelaarsmunt, sê sy hoop hulle maak die San-gemeenskap trots.

**(Uit: *Beeld*, 16 Maart 2004)**

3.1 Vervang **danksy** in par. 1 deur ? frase bestaande uit drie woorde wat dieselfde betekenis oordra. (1)

3.2 Skryf die afkorting **kar.** in par. 1 voluit. (1)

3.3 Gee die afkorting vir **maatskappy** in par. 2. (1)

3.4 Deur **een kant** en **ander kant** in paragraaf 4 as een woord te skryf, word ? betekenisverandering teweeg gebring. Gebruik **eenkant** en **anderkant** onderskeidelik in sinne sodat die verskillende betekenisse duidelik blyk. (2)

3.5 In paragraaf 4 word daar verwys na die **een kant** en die **ander kant** van die nuwe munt. Wanneer ? spel ter sprake is, word daar gewoonlik ? muntstuk opgegooi om ? beslissing te kry bv. oor wie eerste moet speel. Die uitdrukking wat dan gebruik word, is ______ **of munt**. Skryf die korrekte ontbrekende woord neer. (1)

3.6 **Munt slaan**, word in paragraaf 2 in sy letterlike betekenis gebruik. Watter figuurlike betekenis word oorgedra deur die uitdrukking **munt slaan uit ? situasie**? (1)

3.7 Verduidelik die betekenis van die volgende uitdrukkings waarin die woord **munt** ook voorkom:

3.7.1 om iemand met gelyke munt te betaal.

3.7.2 om in klinkende munt te betaal. (2)

3.8 Watter betekenis het die agtervoegsel -**bare** in **vervoerbare** (par. 2)? (1)

3.9 Saamgevoegde woorde se betekenisse word bepaal volgens die posisie van hulle woorddele.

Let op **rotskuns** in par. 4.

3.9.1 Wat beteken die woord hier? (1)

3.9.2 Verduidelik wat jy onder **kunsrots** verstaan. (1)

3.10 In die uKhahlamba-Drakensberg-erfenisgebied is baie rotskuns (konsentrasie par. 4). Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies. (1)

3.11 Wanneer iemand ? graad in ekologie het, beoefen hy die beroep van ekoloog. Volgens paragraaf 5 is mnr. Frans Prins besig met sy doktorsgraad in sosiale antropologie. Hy is dus ? ______. Gee EEN woord wat dui op die beroep wat hy beoefen. (1)

3.12 **Mnr. Frans Prins** is besig met sy doktorsgraad (par. 5). Herskryf die vetgedrukte frase soos wat dit behoort te lyk wanneer hy sy doktorsgraad verwerf het. (1)

3.13 Die woord **ondervindings** in par. 6 kan nog ? meervoudsvorm hê. Skryf die wisselvorm neer. (1)

3.14 Skryf **45 000** in par. 5 uit in woorde. (1)

3.15 Mnr. Tom Davel en me. Natanya van Niekerk is (kollega par. 7) by die Suid-Afrikaanse Munt. Skryf die korrekte vorm van die woord tussen hakies neer. (1)

3.16 ? **Kollega** (par. 7) is iemand met dieselfde amp of werksaam by dieselfde plek of in dieselfde tipe werk. Hoe noem mens iemand

3.16.1 met dieselfde naam as jy?

3.16.2 wat kort-kort van opinie verander? (2)

3.17 Is daar ? aanduiding in paragraaf 7 dat Natanya van Niekerk getroud of ongetroud is? Gee ? rede vir jou antwoord. (1)

3.18 Herskryf paragraaf 1 maar vervang die voegwoord **maar** met **sowel as**. Voltooi slegs die ontbrekende gedeelte: Danksy die bekendstelling van ? goue versamelaarsmunt van 24 kar. ... (Die betekenis van die sin moet behoue bly!) (1)

3.19 Vervang **vas te vang** in paragraaf 6 met ? beter woord / frase waardeur die betekenis duideliker na vore kom. (1)

3.20 Wat is die verskil tussen **Munt** (par. 3) met ? hoofletter en munt (par. 6) met ? kleinletter? (2)




**(Uit: *Rapport*, 29 Jun. 2003)**

3.21 Wat is ? **videoteek**? (raampie 4) (1)

3.22 Die 3.22.1 (**opmerk** raampie 5) wat jy sal maak, is dat jy nog nie so ? gemors gesien het sedert die 3.22.2 (**opknap** raampie 5) van die kombuis nie. Gee die korrekte vorme van die woorde tussen hakies. (2)


3.23 Gee ? woord met die teenoorgestelde betekenis van **sinlose** in raampie 5. (1)

3.24 Die ontploffings wat in rolprente uitgebeeld word, is gewoonlik nie klein (**ontploffings** raampie 4) nie. Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies. (1)

3.25 Volgens sy pa kyk Jeremy na ? klomp (geweld + daad) video's. Voeg die woorde tussen hakies saam en gee die korrekte vorm daarvan. (1)

**'N BETEKENISVOLLE FILOSOFIE**

"Ubuntu" (Zoeloe) en "Botho" (Sotho) beteken ruweg in Afrika-filosofie "medemenslikheid teenoor ander". Die *Staatskoerant* het in Februarie 1996 Ubuntu amptelik erken as die beginsel om vir mekaar se welstand om te gee, en ? gees van wedersydse ondersteuning. Elke individu se menslikheid word ideaal gesproke deur sy of haar verhouding met ander uitgedruk, en hulle s'n weer deur die erkenning van die individu se menslikheid. Ubuntu beteken dat mense "mense deur ander mense is." Dit erken ook die regte en verantwoordelikhede van elke burger deur individuele en gemeenskapswelstand te bevorder.



**(Uit: *Sandaba – Sanlamnuusbrief* – Feb. 2004)**

3.26 Vervang **ru** in **ruweg** (reël 1) deur ? ander woord wat min of meer dieselfde beteken. (1)

3.27 Skryf ? wisselvorm (in ander erkende vorm) neer vir **Zoeloe** in reël 1. (1)

3.28 Die naam van die koerant (reël 3) is kursief gedruk om dit te laat uitstaan. Van watter ander tegniek kon die skrywer ook gebruik gemaak het om dieselfde effek te bereik? (1)

3.29 **s'n** (reël 7) word dikwels verwar met **sin**. Maak sinne met **s'n** en **sin** sodat die betekenisonderskeiding duidelik na vore kom. (2)

3.30 Die persone op die skets onder aan die teks (**reik** / **ryk**) mekaar die hand. Kies die korrekte woord tussen hakies en skryf dit neer. (1)

3.31 Van al die (Afrika-filosofie reël 2) is dié van Ubuntu en Botho van die beste. Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies. (1)

3.32 Van watter oorspronklike woord is **gesproke** (reël 6) afgelei? (1)

3.33 Watter klank val weg wanneer **amptelik** (reël 3) uitgespreek word? (1)

**[40]**

AFDELING D
## TAALVERSORGING

### VRAAG 4

In hierdie afdeling moet jy taalfoute korrigeer. Lees die teks deur om jou te vergewis van die inhoud en beantwoord dan die vrae wat gestel word.

### BLIKNERS IS DALK JOU VOORLAND

**1.** Jy moet jou sit ken, én jou motorfiets, as jy meer as 1600 km binne ? dag wil aflê.
**2.** Maar die regte toerusting is byna net so belangrik
**3.** Hier is ? paar wenke aan hardebaarde en hardegatte wat aan die Saddle sore 1000 langafstandrit wil deelneem
**4.** • Jou motorfiefs moet hersien en sy bande in ? goeie toestand wees.
**5.** • Trek ? fietsrybroek onder jou langbroek aan. Dis sagter onder jou sitvlak en het nie nate soos onderklere wat later kan iriteer nie (nee, jy dra nie ? onderbroek onder ? fietsrybroek nie, vra maar daardie ander tweewielryers).
**6.** • Sorg dat jy pakplek het – ? tenksak sal doen as die fiets nie van saalsakke beskik nie.
**7.** • As daar enige twyfel is neem ? ekstra falhelm saam vir afwisseling. Selfs jou mees getroue kopdop kan later iewers begin druk.
**8.** • Koue drinkgoed beslis nie alkohol nie sonroom en ? donkerbril is noodsaaklik.
**9.** • Daar is meer as genoeg tyd om die rit te voltooi. Rus gereëld. Knip selfs ? ogie.
**10.** • Moenie jaag – behou ? konstante spoed. Hoe vinniger jy ry hoe meer brandstof word verbruik.
**11.** • Kry iemand om saam te ry. Die afwisseling en geselskap kan jou gefokus hou.
**12.** Deelnemers gaan duisendmyl binne 24 uur aflê en *MotorBeeld* en Enjoy Rides bied dit aan.
**13.** Deelnemers vertrek om 05h00 van Gold Reef City af. Die roete loop oor Klerksdorp, Kimberley, Upington, Kuruman, Vryburg, Wolmaransstad en weer oor Klerksdorp. Die totale afstand is 1 652 km.
**14.** Die rit word herken deur die Amerikaanse Iron Butt Association (IBA) en deelnemers kry na voltooiing ? sertifikaat van die IBA. Enjoy Rides verskaf padkaarte, ? steunvoertuig met ? treiler, en alle administrasie vir die IBA-akkreditasie.

**(Uit: *MotorBeeld*, 30 Okt. 2003)**

4.1 ? Leesteken ontbreek in die opskrif om die erns van die aangeleentheid ter sprake te beklemtoon. Skryf die opskrif neer met die korrekte leesteken. (1)

4.2 Korrigeer die hoofletterfout wat iewers in paragraaf 1 – 4 gemaak is. (1)

4.3 ? Skryfteken ontbreek in paragraaf 3. Skryf die woord korrek neer. (1)

4.4 Aan die einde van paragraaf 3 ontbreek ? leesteken. Watter leesteken sou hier die mees gepaste wees? (1)

4.5 Vervang **hersien** in paragraaf 4 met die korrekte woord. (1)

4.6 Paragraaf 6 bevat ? uitdrukking waarvan die voorsetsel wat daarmee saam gebruik word, foutief is. Hoe moet die korrekte uitdrukking lyk? (1)

4.7 TWEE kommas ontbreek in paragraaf 7 – 10. Skryf telkens die woord vóór en ná die komma neer met die ontbrekende komma tussenin. (2)

4.8 Leestekens ontbreek om die parentese / inlasgedeelte in paragraaf 8 – 10 aan te dui. Skryf die parentese neer met die korrekte leestekens. (1)

4.9 In paragraaf 9 – 10 is ? spelfout begaan as gevolg van die gebruik van ? verkeerde skryfteken. Skryf die woord korrek neer. (1)

4.10 Die idiomatiese uitdrukking wat in paragraaf 9 gebruik is, is nie korrek nie. Gee die korrekte uitdrukking wat beteken om ? bietjie te rus / dut. (1)

4.11 Korrigeer die foutiewe gebruik van die ontkenningsvorm in paragraaf 8 – 10. (1)

4.12 Die skryfwyse van die tydsaanduiding in paragraaf 13 is foutief. Maak reg! (nie vm. nie!) (1)

4.13 Die gebruik van **oor** in paragraaf 13 laat dit klink asof die dorpe disnis gery gaan word! Vervang dit met ? beter woord. (1)

4.14 Verbeter die woordorde-fout wat deur die gebruik van die lydende vorm teweeg gebring is in die eerste sin van paragraaf 14. (1)

4.15 **herken** in paragraaf 14 is duidelik nie die korrekte woord nie. Wat moet dit wees? (1)

4.16 Vervang **treiler** in paragraaf 16 met ? beter Afrikaanse woord. (1)

4.17 Benewens al die ander foute in die teks wat jy reeds gekorrigeer het, is daar nog DRIE spelfoute in die teks. Jy sal hulle vind in paragraaf 5 – 12. Skryf die woorde korrek neer. (3)

**[20]**

**TOTAAL: 100**

**EINDE**